
## UITBUITING VAN DIE SONDE

Hosea (4:4 v.) preek teen die ontaarding van die priesters van Israel. Blatant verontagsaam hulle God se wil (vs 6). Hulle teer op die volk se sonde en smag dat hulle nog meer sonde moet doen. In vers 8 is 'n merkwaardige woordspeling. *Sonde* kan ook beteken "*sondoffer*". Die teks kan ook lees: "*Hulle lewe van die sondoffer van my volk, en na dié se ongeregtigheid verlang hulle siel*". God sê die priesters moet eet van die vleis wat die volk op die altaar offer tot versoening van sondes. Die priesters soek voordeel uit die volk se sonde. Hoe meer sonde, hoe meer offers, hoe meer vleis vir hulle.

Die priesters behaal voordeel en wins uit die sonde van die volk. Net so behaal mense met pornografiese boeke, tydskrifte, videobande, wins uit die sonde van sedeloosheid. Netso verkry dwelmverspreiders winste uit mense se sondige verslawing.

Die eienaars van casino's, dobbelhuise kry winste uit die sondeneiging van mense. God wil dat ons die kwaad moet teenstaan, verhoed, oorwin; nie uitlok en troetel nie.



## VERDAGMAKERY IS SONDE

Mense praat nie net ***met*** mekaar nie, maar ook ***van*** mekaar. Vir God is dit belangrik ***wát*** jy van medemense sê. God die Heilige Gees woon in jou hart, luister na wat jy sê en is 'n *Getuie* daarvan. Wees versigtig vir ***verdagmaking***. Dis maklik om iemand se optrede en bedoelinge met ``n paar woorde *verdag* en *twyfelagtig* te maak. *Verdagmaak* is om iemand se optrede of persoonlikheid *agterdogtig* voor te stel, asof die persoon net kwaad bedoel, net leed wil aandoen en van plan is om jou te na te kom.

*Verdagmaking* is *Satanswerk!*

Satan maak God verdag by Eva [Gen. 3:1,4,5]. Satan maak Job verdag by God [Job 1 & 2]. Die Jode maak Jesus verdag by die owerheid [Matt. 27]. Verdagmaking is om *leuens* van ``n ander persoon te vertel. En dít is satanswerk want die Satan is die vader van die leuen [Joh. 8:44]. Wie ``n ander persoon verdagmaak speel in die hande van die Satan. Die *"storie"* die *"feite"* van die verdagmakers rus *nooit* op die waarheid nie!! Die kern van verdagmakery is leuens en *hoorsê*!

- Mense wat ander verdagmaak wil ``n sekere *stemming* wek wat hulle eie twyfelagtige standpunte moet ondersteun.
- Mense wat ander verdagmaak het nie ``n goeie saak nie, want hulle saak kan nie op ``n openlike, eerlike manier bevorder word nie.
- Sodra verdagmakery, onderduimsheid, knoeiery, agterbaksheid, skelmstreke, vuilspel nodig is om jou saak te propageer, *het jy geen eerlike saak nie.*

Elke eerlike en opregte standpunt kan met eerlikheid volgens die reëls gedy solank dit die waarheid dien en daarop gemik is om die Naam van die Here tot eer te strek. Wees dus waaksaam hoe jy van ander mense praat. Jy moet opbou in wat jy sê en nie afbreek nie! Jy moet in jou woorde God dien en nie Satan nie. *dr Nico van der Merwe*




# SIMBAAL

"Prys Hom met galmende simbale"

[Psalm 150:5]

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord**

[Webadres – http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/]

Jaargang 5 | Sondag 12 September 2010 | Nommer 23


## 'N NUWE LEWENSTYL

Daagliks dink ek aan die woorde van Jesus toe Hy gesê het: *"Moet julle nie bekommer nie"* (Matt. 6:25). Wat ervaar elkeen elke dag in sy lewe? – ***bekommernis*!** Jy is bekommerd oor die toestand van die lewe om jou; bekommerd oor die veiligheid van jou kinders en kleinkinders; bekommerd oor middele wat jy nie het om van te leef nie; bekommerd oor die politieke situasie; bekommerd oor die handhawing van jou taal; bekommerd oor alles en nog wat. Op die voorkop van die moderne mens staan geskrywe: *Ek is bekommerd!!* Hoe sê ek vir my kind sonder werk, moet jou nie bekommer nie? Hoe sê ek dit vir my buurman met sy terminale siekte? Hoe sê ek dit vir my bediende wie se kind weggeraak het? … ??!!

- Moet ek hierdie boodskap net oordra aan die mense sonder bekommernis?
- Is dit net 'n boodskap vir rykes en vooraanstaandes?

Ons loop die groot gevaar om al meer en meer na die ryk dwaas van Lukas 12 te lyk as na die arm Lasarus van Lukas 16. God roep ons in 2010 op tot 'n ***nuwe lewenstyl***. Dit is nie die lewenstyl wat die 2010-reklamewêreld ons voorhou nie. As Christus sê: *"Moet julle nie bekommer nie"* dan sê Hy eintlik: *Wees op jou hoede!* Die lewe is meer as aardse dinge. Die ware lewe hang nie af daarvan of jy in oorvloed leef nie (Luk. 12:15)! Die ware lewe is 'n lewe volgens God se Woord met jou volle vertroue dat Hy vir jou alles tot jou beswil sal laat geskied hier op aarde.

*Dr. Nico van der Merwe*

# PREKE VANDAG



**Oggenddiens: DIE GESAG VAN JESUS SE PREDIKING**

**Matteus 7:28-29**

Op 'n dag – Jesus was toe 30 jaar oud – het daar 'n skrynwerker uit Nasaret in Kapernaum aangekom. Hy het daar kom woon en begin preek. Hy het 'n paar van die vissermanne na hom toe geroep (Petrus en Andreas, Johannes en Jakobus) om sy dissipels te wees. Toe Hy begin preek, was sy preke net anders as waaraan die Jode tot nou toe gewoond was. Hy het met gesag gepraat. "Ek sê vir julle....." was die toonaard van sy toesprake. Ek is God. Ek is dieselfde God wat in die Ou testament met die volk Israel gepraat het. Ek het dieselfde gesag, dieselfde almag. Hy maak mense gesond, wek dooies op, laat blindes sien. Hy is werklik God. Hy is die Koning van die Koninkryk van God – vandag nog! Hy is ook by magte om jou salig te maak en jou sondes te vergewe.

**Aanddiens: JY HET DIE NUWE LEWE SAAM MET CHRISTUS**

**Efesiërs 2:5-6**

Die Here wil ons in sy Woord nie net leer van hoe sondig en doemwaardig ons voor Hom is nie. Die Bybel is 'n voluit positiewe boek wat ons ook van die verlossing vertel wat ons in Jesus Christus het. In hierdie twee verse staan die frase "saam met Christus" drie keer.

1) Jy is saam met Christus lewend gemaak. Jy wat eintlik moet sterwe, kan nou maar bly lewe. Jy is verlos van die hel en het nou die ewige lewe. Christus het jou deur die werk van sy Heilige Gees en op grond van sy versoeningswerk nuut gemaak.

2) God het jou ook saam met Christus uit die dood opgewek. Jy is dood as gevolg van jou sonde, maar wanneer jy in Christus glo, is jy een met Hom. Jy voer op hierdie oomblik 'n opstandingslewe.

3) God het aan jou saam met Christus 'n plek in die hemel gegee. Jy het reeds die kaart en transport van jou hemelse woning in jou hande. Jy moet nog net intrek, nog net verhuis. "Vandag sal jy saam met my in die paradys wees."



## DORTSE LEERREËLS HOOFSTUK 3 & 4

**Artikel 12 : DIE WEDERGEBOORTE**

Dit is die wedergeboorte, die nuwe skepping, die opwekking uit die dood en die lewendmaking waarvan die Skrif so heerlik spreek, wat God sonder ons in ons werk. Dit alles word glad nie deur die uiterlike prediking alleen, deur morele oorreding of op soortgelyke wyse in ons gewerk nie, sodat na die voltooiing van God se werk die mens by mag sou hê om weergebore te word of nie, om bekeer te word of nie. Dit is 'n volkome bonatuurlike, baie kragtige en tegelyk baie aangename, wonderlike, verborge en onbeskryflike daad van God. Volgens die getuienis van die Skrif, wat deur Hom, die Outeur van hierdie werking geïnspireer is, is dit deur sy krag wat nie minder of geringer as die skepping of as die opwekking van die dooies nie. Die gevolg is dat almal in wie se harte God op hierdie wonderbaarlike wyse werk, sekerlik, onfeilbaar en kragdadig weergebore word en daadwerklik glo. Dan word die wil, wat nou vernuwe is, nie alleen deur God gedryf en beweeg nie, maar omdat dit deur God gedryf word, werk dit ook self. Daarom word ook tereg gesê dat die mens, deur die genade wat hy ontvang het, glo en hom bekeer. Verder: Wanneer God sy welbehae in die uitverkorenes tot uitvoering bring en die ware bekering in hulle werk, laat Hy die evangelie nie net uiterlik aan hulle verkondig nie. Hy verlig ook nie net hulle verstand kragtig deur die Heilige Gees , om die dinge van die Gees van God reg te verstaan en te onderskei nie. Maar deur die kragtige werking van dieselfde Gees, wat die wedergeboorte skenk, dring Hy ook deur tot in die binnenste dele van die mens, open Hy die geslote hart, versag Hy wat hard is, en besny Hy wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe eienskappe in en maak die wil, wat dood was, lewend; wat sleg was, goed; wat onwillig was gewillig en versterk die wil sodat dit, soos 'n goeie boom, vrugte van goeie werke kan dra.

**Artikel 13 : GELOOF IS 'N GAWE VAN GOD EN NIE 'N AANBOD AAN DIE VRYE WIL VAN DIE MENS NIE**

So is die geloof dan 'n gawe van God, nie omdat dit deur God aan die vrye wil van die mens aangebied word nie maar omdat dit aan die mens inderdaad geskenk word en vir hom ingegee en in hom ingestort word.. Ook is dit nie so dat God net die vermoë om te glo gee en daarna van die vrye wil van die mens die instemming of die daadwerklike geloof verwag nie. Sowel die wil om te glo as die geloof self word in die mens tot stand gebring. Immers, Hy wat in die mens werk om te wil sowel as om te werk, bewerk alles in almal.

## SELFBEHEERSING

- 'n Motor, 'n bus of 'n taxi wat buite beheer is, is 'n groot gevaar vir almal op die pad.
- 'n Vuur wat buite beheer raak en in eie krag voortwoed, kan groot verwoesting aanrig.
- Water wat sonder leiding in volle geweld voortstroom kan groot rampe en skade veroorsaak.

***Maar baie gevaarliker is die lewe van 'n mens wat buite beheer is.*** In die geskiedenis het daar baie tragiese dinge gebeur omdat mense hulle nie kon beheer nie. Die woord wat God in die Bybel opgeteken het vir hierdie situasie is die begrip ***selfbeheersing.*** * Paulus het dit nodig gevind om goewerneur Feliks en sy vrou Drusilla te vermaan om met selfbeheersing op te tree (Hand. 24:25). * Titus en Timoteus word deur Paulus op die belangrike saak van selfbeheersing gewys (Tit. 2:12; 2 Tim. 1:7). * Paulus wys die Korintiërs op selfbeheersing as dit by die seksuele lewe van die mens kom (1 Kor. 7:5). * Mense kan sterf deur gebrek aan selfbeheersing (Spr. 5:23). * 'n Mens met selfbeheersing is van groot waarde (Spr. 16:32). * Die gelowige word aangemoedig om in selfbeheersing te lewe (Spr. 23:23). * 'n Mens wat nie in selfbeheersing lewe nie is weerloos (Spr. 25:28).

- Selfbeheersing is om jouself in toom te hou ten opsigte van jou lewensbehoeftes.
- Selfbeheersing is wanneer jy die kwaad identifiseer en dit nie doen nie, maar deur die goeie oorwin (Rom. 12:21).
- Selfbeheersing is die gawe om vooruit te weet waar God die grense trek en dan daaraan gehoorsaam te bly.

'n Lewe in selfbeheersing vra dat jy die leiding van die Heilige Gees en die Woord van God sal volg in die praktiese dinge van jou lewe. Omdat jy gebonde is aan God se wil, mag jy nie aan jou sondige begeertes vrye teuels gee nie. Omdat Jesus Christus jou vernuut het, is jy verplig om die pad van selfbeheersing te stap en jou hele lewe daardeur te laat lei.

*Dr. Nico van der Merwe*



## SUSTERS

Saamroepster vir September: Ansie van Vuuren
Hospitaalbesoekbeurt Anncron: Gerty Kruger
Koekies / Lekkernye vir die Kinderhuis:
September 2010: Wyk 8 en 22



**Uit die Woord**
**Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo. [Romeine 1:16].**

**Wyse Woorde**
**'n Mens ontvang God se genade gratis, of gladnie.**
**[O. Meyer]**

## DANKBAARHEIDSFONDS

Die gemeente het vir 2009 R4374 bygedra tot die Dankbaarheidsfonds. Dit beloop R12.22 per belydende lidmaat, en was heelwat minder as die R25 per belydende lidmaat wat as mikpunt gestel was. Tot dusver (Julie- storting) is nog net R950 ontvang. Ons sal dus vir die volgende 6 maande skouer aan die wiel moet sit!

*P. Kruger (Kassier)*

## BOUFONDS

Die gemeente word weereens opgeroep om ruim by te dra tot hierdie fonds, wat tans op R12 000 staan. Dringende herstelwerk moet aan die pastorie gedoen word en u samewerking word hoog op prys gestel.

*Dankie by voorbaat!*
*P. Kruger (Kassier)*

| KOLLEKTES | | |
|---|---|---|
| Datum | By die diakens | Sakkies by die deure |
| 12 September | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |
| 19 September | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |
| 26 September | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |
| 3 Oktober | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |
| 10 Oktober | Barmhartigheid | Pro Ecclesia Beursfonds |



**GEMEENTEPROGRAM**

Sondag 12 September tot Saterdag 18 September 2010

| | | |
|---|---|---|
| Sondag 12 September | Oggenddiens | 09:30 |
| Sondag 12 September | Katkisasie Les 19 | 10:30 |
| Sondag 12 September | Erediens | 18:00 |
| Donderdag 16 September | Inbetaling Kerklike bydrae | 17:30 |



**TEESKINKBEURTE**

| | |
|---|---|
| Sondag 12 September 2010 | Wyke 1 & 2 |
| Sondag 19 September 2010 | Wyke 3 & 4 |
| Sondag 26 September 2010 | Geen teeskink/Vakansie |
| Sondag 3 Oktober 2010 | Geen teeskink/Vakansie |
| Sondag 10 Oktober 2010 | Wyke 9 & 10 |
| Sondag 17 Oktober 2010 | Wyke 11 & 12 |



## VERJAARSDAE

| | |
|---|---|
| 12 September | Paul de Kock |
| 13 September | Hennie Matthyser |
| 14 September | Annemarie Ganz |
| 15 September | Franco van der Walt |
| 16 September | Charl Vorster |
| 17 September | Gerty Kruger |
| 18 September | Lenca van Greuning |
| 19 September | Arenda Putter |



Mag die liefde en nabyheid van God u deel wees in die nuwe jaar.



gh

# BYBELS VERDRYF EENSAAMHEID OP MARIONEILAND

Marion-eiland is die grootste eiland in die Prins Edwardeilandgroep en is ongeveer 2 300 km suidoos van Kaapstad geleë. Hierdie eiland is sedert 1947 permanent in Suid-Afrika se besit. Die eiland is ongeveer 290 vierkante kilometer groot. Aan die ooskus is ’n navorsingstasie opgerig wat ’n weerkantoor en ’n aantal natuurwetenskaplike navorsingsprogramme huisves. Vroeër vanjaar het die SA Agulhas met ’n nuwe groep navorsingspersoneel aan boord na Marion-eiland vertrek. Elkeen van die bemanningslede en personeel het ’n Bybel van die Bybelgenootskap ontvang. Die dankbaarheid hiervoor blyk duidelik uit die briefie wat van mnr. Andries Botha, senior weerkundige op die eiland, ontvang is. So word God se Woord versprei, tot aan die uithoeke van die aarde. Psalm 50:1 – “*Die Here is God, Hy alleen is God. Hy spreek, Hy roep die hele wêreld op, van waar die son opkom tot waar hy ondergaan”* (1983-vertaling).

Uittreksel uit briefie vanaf mnr. Andries Botha: “Hier in die verte waar die groot afstand tussen ons en ons geliefdes is, is dit ’n geskenk wat groot waarde dra in ons persoonlike lewens. Wanneer die oornamespan weg is en net die spanlede oorbly, oorval ’n gevoel van eensaamheid jou en is ’n Bybel van groot waarde. Die lewe op die eiland, wat feitlik glad nie mensversteurd is nie, gee vir jou tyd om oor jouself en die lewe na te dink. Behalwe vir die ander lewenservaring wat mens hier opdoen, is dit ’n geleentheid om ook geestelik verryk te word. Daarom kan u verseker wees dat die Bybels van groot waarde is.”

- Die ou oom vra die dominee om verskoning dat hy onder die preek geslaap het. “Maar, ds.” vervolg die oom: “Ek kan jou verseker dat ek niks gemis het nie!”
- Die dag waarop ek nie gebid het nie, is ’n dag waarop ek by God gespog het met my eie krag.
- As Christenwees vir “sissies” is, gaan daar eendag 'n klomp sterk mense in die hel wees.
- Die kettings wat swak gewoontes om jou span, is gewoonlik te lig om te voel totdat dit te sterk geword het om te breek.

## KINDERHUIS

Kan u dalk help? Daar is tans 'n krisis in Huis Vergeet-my-nie – Hulle yskas het die gees gegee en nou moet die huismoeder probeer om bederfbare voedsel vars te hou in haar persoonlike yskassie. Het iemand dalk 'n yskas in goeie werkende toestand, wat aan die Kinderhuis beskikbaar gestel kan word?

Skakel gerus vir Martie Venter (073 826 3526) of Hanlie Mocke (083 777 8340) as u kan help.

## BAIE DANKIE

'n Groot Dankie aan al die gemeentelede wat steeds aan die kinders in Huis 3 dink: 'n Vrag klere, kruideniersware en tydskrifte is weereens hierdie week daar afgelaai en met groot dankbaarheid ontvang.



## DRINGEND DRINGEND DRINGEND DRINGEND

Pensioenaris soek **dringend** enige **nutsmanwerk:** sweiswerk, houtwerk loodgieterswerk of teëlwerk.
Skakel asb. Corrie Botha
**018 484 4774 of 083 429 4824**.



## LIEF EN LEED IN DIE GEMEENTE

- ***Br. Faan en sr.Bienkie du Preez*** se dogtertjie, ***Sonell,*** was verlede week in die Anncron vir toetse en behandeling. Ons hoop sy is gou weer gesond en dat sy nie gou weer probleme sal hê nie.
- ***Br. Kobus en sr.Annelise Booysen*** se seun, ***Eduard***, was in die Wilmed vir behandeling. Ons bid hom verder goeie gesondheid toe. Ons bid vir julle dat die Here, soos in die verlede, ook in die toekoms krag sal gee om hom met soveel liefde en vertedering te versorg. Baie sterkte!
- ***Sr. Tersia van der Merwe*** was in die hospitaal vir 'n lensoorplanting. Sy het 10 jaar gelede ook een gehad. Hierdie keer was sy ongelukkig allergies vir van die oogdruppels, wat groot ongerief veroorsaak het. Ons hoop alles is nou goed op pad na genesing!

Ons betoon graag ons meegevoel met:

- ***Oom en Tannie Pottie Potgieter*** met die afsterf van Oom Pottie se suster (93). Oom en Tannie Pottie het haar nie lank gelede gaan besoek en kon nog met haar gesels, maar sy het toe sommer baie swak geword.
- ***Br. Bennie en Sr. Elmarie van der Walt*** met die afsterf van Elmarie se broer se dogter (17). Soos wat die hemel hoër is as die aarde, so is die Here se planne hoër as ons planne.

Mag die Here elkeen ryklik vertroos met die heerlike sekerheid: Wie in Jesus Christus glo, bly lewe al het hy ook gesterf.

## ELEKTRONIESE OORPLASINGS – KERKLIKE BYDRAES

Ongeveer 30% van ons lidmate plaas gereeld hulle maandelikse bydraes elektronies oor. Dit is maklik, veilig en gerieflik. Ons bankbesonderhede is soos volg:
ABSA Tjekrekening: 950 340 916
Plekkode: 334-338
*Maak asseblief seker dat u naam en wyknommer verstrek word.*
*P. Kruger*
Kassier

## Ramings

Ons het pas die nuwe ramings ontvang vir die tydperk 1 Julie 2010 – 30 Junie 2011.

| | |
|---|---|
| Administratiewe Buro | R38.05 per maand per belydend lidmaat. |
| Part. Sinode | R 1.05 per maand per belydend lidmaat. |
| Klassis | R 6.00 per maand per belydend lidmaat. |
| Khuma sustentasie | R 7.00 per maand per belydend lidmaat. |
| TOTAAL | R52.10 per maand per belydend lidmaat. |

Dit beteken R104.20 per gesin (man en vrou) per maand. – Kassier

## HERINNERINGSBOEK

Dankie aan almal wat al hul afskeidsbriefies vir Dr. Andrè en Hettie geskryf het en aan die wat e-posse aangestuur het. Ek herinner egter die ander wat vergeet het, want die tydjie raak nou baie kort. Gee dit direk aan my, Christa Snyman, pos dit in die voorportaal in "Storieboks" of stuur 'n e-pos aan fjsnyman@telkomsa.net. Foto's kan ingesluit word. Skryf net die name duidelik agterop en meld of jy die foto wil terughê.

**ALMAL KAN GERUS DEEL WEES VAN HIERDIE MOOI GEBAAR!**





## VAN DIE DIAKONIE SE TAFEL

- Die diakonale kas het tans 'n positiewe saldo van R34 695.67 in die lopende rekening beskikbaar vir Diens van Barmhartigheid en R41 059.25 in die Geldmarkfonds.
- Die diakonie het die afgelope drie maande aan ses gesinne hulp verleen met kos en vleispakkies en ses gesinne finansieel bygestaan.
- ***Uitgawes*** vir die afgelope 3 maande:

  Diens van Barmhartigheid

  | | |
  |---|---|
  | Finansieel | R7 366.42 |
  | Kos en vleispakkies | R14 263.30 |

- ***Inkomste*** vir die afgelope 3 maande: Diens van Barmhartigheid R39 088.00
- ***Ander uitgawes***

  | | |
  |---|---|
  | Admin Buro | R6 193.00 |
  | Donasie KLOP | R5 000.00 |
  | Aankoop van emmers | R 716.00 |

- Leef só dat jou hede nie jou verlede verwyt en jou toekoms jou hede nie.
- Die praktiese politiek bestaan uit die ignorering van feite.
- Niks is eerbaar waar geregtigheid nie teenwoordig is nie.
- Moenie die gedrag van 'n dwaas as voorbeeld gebruik nie.
- Om te luister na 'n gesprek wat vol vloekwoorde is, is net soos om te kou aan 'n mondvol koring wat vol klippe is.
- Jy kan nie 'n man onder hou sonder om saam met hom onder te bly nie.
- Niemand is ryk genoeg om sy verlede terug te koop nie.
- Menslikheid is die vaste grondslag van alle deugde.
- Mens kan min met geloof doen, maar niks daarsonder nie.
- Om te min te praat en te min te eet, kan geen kwaad doen nie.
- 'n Kind wat net op skool opgevoede is, is 'n onopgevoede kind.